Artikel van www.homeschooling-curriculum-guide.com

"Ontdek jou lewensdoel…"

deur Willemien Krüger © September 2011

Toe ek 25 jaar oud was het ek 'n kursus genaamd "Ontdek jou skeppingsdoel" bygewoon. Op daardie stadium in my lewe het ek nie eers geweet dat dit moontlik is om 'n doel of roeping te hê nie, wat nog van weet wat dit is. Maar dit het my lewe verander…die belangrikste ding wat ek geleer het was dat God my liefhet NES EK IS. Ek het ook ontdek dat ek gemaak is soos ek is met 'n rede. Hierdie word dikwels jou roeping genoem, en dit beteken uitnodiging. Om nog beter my waardering vir hierdie konsep te verstaan sal dit dalk help om 'n bietjie meer van my te verstaan. Ek is een van daardie mense wat ander mense gewoonlik nie van hou nie – beskrywende woorde vir my persoonlikheid sluit in : dominerend, vol self-vertroue, arrogant, besluit vinnig, kwaai en streng, het hoë standaarde en verwagtinge van ander. Die tipiese persoon waarvoor ander mense gewoonlik bewondering het, maar nie as vriend wil hê nie.

So alhoewel ek my bes probeer het om 'n "vriendelike en gawe mens" te wees vir ander, was ek diep ongelukkig in myself. En teen daardie tyd het ek al vergeet hoe ekself is soos wat ek probeer om aan ander se verwagtinge van 'n 'goeie Christen' te voldoen. Om dit nog erger te maak – elke keer as ek iemand anders teleurgestel het dan het ek gevoel dat ek ook die Here teleurgestel het en dat ek net nog harder moet probeer om 'n beter mens te wees. Tot ek hierdie kursus bygewoon het. In Jeremia 29:11-13 is daar die algemene belofte van God *"Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here, voorspoed en nie teenspoed nie. Ek wil vir julle 'n toekoms gee, 'n verwagting !"* Hierdie kursus het my egter gewys dat God ook 'n spesifieke goeie plan vir my lewe het – uniek vir elke mens. Omdat dit uniek is beteken dit ook dis net jy wat dit kan doen. Dit was nuwe nuus vir my….

Ek wil graag probeer om 'n paar dinge op te som om jou te bemoedig om ook die Here te vra wat jou spesifieke lewensdoel is deur die volgende stappe te volg :

Stap 1 – Glo jy het 'n roeping.

Om jou **roeping** te verstaan sal jou help met fokus, rigting en doel.

Rom 11:29 "God se **roeping** is onherroeplik"
1 Kor 1 :26 "Dink aan jou **roeping**.."
Efes 4:1 "laat jou lewenswandel ooreenstem met jou **roeping**"
2 Pet 1:10 "beywer jou daarvoor om deur jou lewe te bewys dat God jou **geroep** het"

Stap 2 – Vra God om 'n unieke naam vir jou te openbaar.

Om die **naam** waarmee God jou roep te verstaan, is 'n belofte met inhoud. Jes 49:1 "die Here het **my** geroep, op my **naam** het Hy my genoem"

Stap 3 – Vra God om 'n unieke prentjie wat Hy van jou het vir jou te wys.

Om die **prentjie** te sien van hoe God jou sien is 'n ander wonderlike manier om jou roeping beter te verstaan. Jes 49:16 "Ek het jou naam in My handpalms gegraveer"

Om dan nou te kan uitvoer dit waarvoor jy geroep is, moet jy voorbereid wees – geestelik, verstandelik en fisies. Soos dit pragtig genoem word in Spr 31:17 "Sy pak die werk aan met krag [geestelike, verstandelik en fisies] haar hande staan vir niks verkeerd nie."

Stap 4 – Lees op oor en verstaan jou unieke top 3 Godgegewe gawes.

Geestelik is daar aan ons verskillende **Genade gawes** gegee – die spesiale bonatuurlike energie of inspirasie – gegee vir "opbou en groei". Romeine 12 beskryf 7 verskillende gawes en kan opgesom word as volg :

1. 'n ***Profeet*** kan sien – ook wat voorlê en wat gevare in situasies is. Hy/Sy is 'n prentjie mens en gee visie.

2. ‘n ***Leraar*** gee feite en antwoorde. Hy/Sy hou van inligting, dinge moet sin maak.

3. ***Voorloper*** is vreesloos en nie bang vir nuwe dinge of situasies nie. Hy/Sy hou van planne maak en hou daarby.

4. ‘n ***Dienaar*** belê graag in ander, meesal met praktiese ondersteuning en hulp. Hy/Sy is ‘n doen mens.

5. ‘n ***Barmhartige*** is ‘n gevoelsmens, en sien ander se emosionele behoeftes raak. Hy/Sy is dikwels sag en vriendelik en wil graag ander bystaan en ondersteun in moeilike tye.

6. ‘n ***Gewer/uitdeler*** se branding is gee. Hy/Sy sien behoeftes raak en hoe mens kan help. Hulle gee maklik sonder om iets terug te verwag.

7. ‘n ***Bemoedigende vermaner*** se branding is die waarheid. Hy/Sy sien maklik foute raak, maar wil graag opbou. Hulle onderskei maklik die waarheid vs leuen.

Kinders opereer gewoonlik natuurlik in hulle gawes. Maar soos mens groter word, word dit soms verbloem of weggesteek soos wat mens probeer aanpas by die wêreld en soos ander probeer wees. Jou gawe is jou passie of branding binne jou wat jy net wil deel. As hierdie gawe versmoor word of nie genoeg oefening kry nie, sal jy frustrasie, irritasie en depressie ervaar. Maar as jy in situasies of omstandighede is waarin hierdie gawe gedeel kan word dan ervaar jy vryheid en vreugde. Elke persoon het een of twee of drie van hierdie gawes mees prominent. Dit is bevrydend om te weet dat jyself nie al die gawes moet beoefen nie. Ek onthou dat ek so verlig was met die feit dat daar regtig ander mense is wat daarvan hou om te doen dit wat ek nie wil doen nie. Dit is in hierdie kombinasie van verskeidenheid en soos wat dit beoefen word in die liggaam van Christus globaa, dat dit lei tot opbou en groei soos bedoel is.

Stap 5 – Lees oor en verstaan jou unieke intelligensie tipe kombinasie.

Intellektueel het ons verskillende **talente**, vermoëns of **intelligensie tipes**. Talente is gewoonlik redelik maklik om op ‘n jong ouderdom al raak te sien, soos wat kinders toegelaat word om te ontdek, speel en die vryheid geniet om te kan doen wat hy/sy wil. In die afgelope paar jare is daar ‘n nuwe woord wat ontwikkel is om intelligensie tipes te beskryf – wat ook sinvol is om jouself beter te verstaan, wat dan lei tot ‘n beter begrip van jou eie roeping. Hiermee ‘n kort opsomming gebaseer op die werk van Howard Gardner van die 7 intelligensie tipes :

1. ***Verbale*** *intelligensie* is om ‘n sensitiwiteit vir die gesproke en geskrewe taal te hê, die vermoë om maklik tale te leer en die kapasiteit om taal te gebruik om sekere doelwitte te bereik. Hierdie intelligensie sluit in die vermoë om taal effektief te gebruik om jouself in woorde uit te druk.

2. ***Logisie-Wiskundige*** *intelligensie* bestaan uit die kapasiteit om probleme logies te analiseer, wiskundige operasies uit te voer en situasies wetenskaplik te ondersoek. Dit sluit ook die vermoë om patrone raak te sien, om logies te dink en afleidend te redeneer.

3. ***Musiekale*** *intelligensie* impliseer die natuurlike neiging om musikale toonhoogte en ritmes te herken en onderskei. Dit is ‘n kognitiewe vermoë om informasie in ‘n musikale of ouditiewe manier te prosesseer.

4. ***Kinestetiese*** *intelligensie* behels die potensiaal om mens se hele liggaam of dele van die liggaam te gebruik om probleme op te los. Dit is ook die gemaklike vermoë by sommige mense om liggaamlik uitstekende ko-ordinasie van beweging te hê.

5. ***Ruimtelike*** *intelligensie* verwys na ‘n talent om ruimte of spasie te visualiseer deur dit te manipuleer, wat integraal is tot ons begrip van ruimte om ons. Dit is ook die vermoë om vorms en objekte te kan herken en dit maklik bymekaar te kan pas.

6. ***Interpersoonlike*** *intelligensie* is om die kapasiteit te hê om ander mense se intensies, motiverings en wense te verstaan. Dit laat toe dat so ‘n persoon effektief saamwerk met ander mense. Hierdie mense is goed met ander mense en hou gewoonlik van en leer baie in sosiale situasies.

7. ***Intrapersoonalike*** *intelligensie* is die vermoë om jouself te verstaan, en jou persoonlike gevoelens, vrese en motiverings te waardeer. Die intrapersoonlike tipe mens word gewoonlik beheer deur geloof, hoop en selfvertroue wat die entoesiasme en energie verskaf om persoonlike doelwitte te bereik.

Stap 6 – Versorg jou fisiese liggaam.

Laastens is dit belangrik om te besef dat ons almal nodig het om ons **fisiese liggame** te versorg om gesond, aktief en fiks te wees om die energie te hê om ons Godgegewe taak te kan uitvoer. Daar is verskillende liggaamsboue met unieke slaap/metabolisme patrone. Let op dat dus selfs jou liggaam ontwerp is met 'n spesifieke doel – om *jou* toe te laat om jou roeping te kan uitleef. Weer eens – soos voorheen al genoem, is ons nie almal dieselfde nie, daarom is dit bevrydend om te weet dat jy net *jou* eie unieke bioritme en lewenstyl patrone moet ontdek. Sommige mense is van nature net meer aktief en energiek as ander, so moenie jouself vergelyk nie en sleg begin voel nie.

Daar is baie inligting beskikbaar oor gesonde lewenstyl, gesond eet, gesonde oefening ens., daarom gaan hierdie artikel nie daaroor uitbrei nie. Die beste raad wat ek ontvang het t.o.v. gesonde lewenstyl is die volgende : Drink baie gesonde water, eet gesonde kos in hulle oorspronklike staat soveel as moontlik, slaap/rus genoeg vir jou liggaam, wees aktief en kom genoeg buite in die son. Maar ek is nie 'n ekspert op hierdie onderwerp nie, maar ek glo wel dat dit belangrik is om jouself fisies te versorg, voorkoming is beter as medisyne.

Stap 7 – Glo God is jou Helper en Leidsman.

Voor jy heeltemal oorweldig voel, weet dat die goeie nuus is dat "God ons Helper is om ons te lei op die weg wat ons moet gaan" (Jes 48:17) In Joh 10:10 staan dat Jesus gekom het om **lewe te gee**, en dit in oorvloed vir ons om te hê en te geniet. Ek glo dat dit net moontlik is as jy jou lewensdoel uitleef ! Ek het onlangs iemand hoor sê dat nie een van sy kinders of kleinkinders ooit iets anders wou doen as wat hulle veronderstel is om te doen nie…wow! Dink hoeveel tyd kan mens spaar deur nie met allerlei twyfel of worstelinge te sit net om jouself te ken en te weet wie jy is nie ?

Hoekom is hierdie so 'n openbaring vir my en waarom wil ek graag hierdie deel ? Miskien is dit omdat hierdie die belangrikste rede is waarom ek tuisonderrig. Ek glo dat tuisonderrig die *enigste manier* is waarop 'n kind regtig toegelaat gaan word om hom/haarself te leer ken en hom/haar lewensdoel te kan ontdek. Ek glo dit is my verantwoordelikheid as ouer om my kinders te help om hierdie te ontdek en dan hulle te ondersteun, lei en toe te laat om visie te ontwikkel. Natuurlik sal die kind aanhou leer en ontdek op sy/haar eie, maar ek glo dat mens nie 25 jaar hoef te wag voor mens hierdie ontdekking hoef te maak nie. As dit jonk al gebeur, kan jy soveel vroeër jou passie uitleef, sonder om tyd te mors op onnodige dinge.

Ek wil afsluit met Deut 30:19 "Ek roep vandag hemel en aarde tot getuie teen julle dat Ek die lewe en dood aan julle voorhou. **Kies die lewe** sodat jy en jou nageslag kan lewe. …". Waag dit om te ontdek en lewe jou passie !

Om te help in hierdie ontdekking van jou lewensdoel het ek 'n unieke enig-in-sy-soort kurrikulum ontdek wat so behulpsaam was in die dissipelskap van my eie kinders dat ek dit net moet deel met julle. Dit is die eerste kurrikulum wat ek ontdek ek wat my behoefte vervul het om die nodige uitleg/leiding te verskaf om my te help om my kind te help ontdek hoe spesiaal en uniek hy/sy is. ***God Idee Produksies***is 'n groep in Suid-Afrika wat produkte bekendstel wat kinders help om hulle lewensdoele te ontdek. Hulle *Joernaal van Seënwense* of die 40 les *Elke kind is 'n God idee* kurrikulum is ideaal om te gebruik in 'n tuisskool as 'n jaar dissipelskap studie, wat die ouers toerus om hulle kinders te help ontdek wie hulle is. Wanneer 'n kind klaar is met die Joernaal of die Kurrikulum werkboek, sal dit 'n baie persoonlike, spesiale skat wees om te hou vir die res van hulle lewens. Die *Joernaal van Seënwense*is 'n korter weergawe met minder detail, maar dit was vir ons familie baie spesiaal om deur te werk. Om meer te lees oor hulle en die produkte besoek www.journalofblessings.co.za.

.